# STROOM~OP

**AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL**
**AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL**
**VIERDE KWARTAAL**

LAAT DAAR LIG WEES

A.H.M.P. EK SIEN HAAR WEN


# AFFIES GROET MNR TLP KRUGER

**— Johan van Huyssteen en Jacus Engelbrecht**

**Die afgelope sewe jaar was Affies se uitsonderlike prestasies ook te danke aan 'n nuwe krag wat hom in Affieland kom vestig het — mnr TLP Kruger.**



Meneer het in die Delmasomgewing grootgeword en matrikuleer aan die Hoërskool Sundra. Hierna is hy NKP toe en verwerf die B.Sc.-graad en die THOD. Mettertyd kon hy ook die B-Ed-graad agter sy naam skryf.

Met sy aanstelling by Affies in 1985, was dit asof hy huis toe gekom het daar hy ook sy eerste sewentien jaar in die onderwys by 'n seunskool was — Hugenote Springs. Mnr Kruger het daar tot vise-hoof gevorder en vanaf 1975 — 1979 is hy as adjunk-hoof na Gerrit Maritz. Sy eerste aanstelling as hoof, was hy Bergsig (1979 — 1985), en daarna die hoofpos by Affies.

Mnr Kruger se grootste ideaal was om die Affies as gebalanseerde mense die lewe in te stuur en hy het deurgaans gepoog om die akademie, sport en kultuur 'n gelyke staanplek te gee. Sy strewe dat daar 'n 100% slaagsyfer moet wees, is dan ook die afgelope drie jaar met die matriekeindeksamen verwesenlik.

Sy leuse: as jy hoof van 'n skool wil word, is jou tyd die skool se tyd; het hy getrou uitgeleef. Mnr Kruger het altyd probeer om waar moontlik die buitemuurse bedrywighede by te woon. 'n Mens sou hom langs die atletiek- en tennisbane opmerk; langs die swembad, die krieketveld en langs die rugbyvelde. Altyd met die lêer waarin hy die positewe en die wenke ter verbetering aangeteken het, om op te volg. Sy inspraak, leiding en kennis het hy gedeel om die sportspanne af te rond en tot nog groter hoogtes aan te spoor. Die respek wat hy met veral sy rugbykennis afgedwing het, het natuurlik aan hom die titel: koning rugby, besorg.

Op kulturele gebied het hy die sang-musiekaand van Affies, die Afrikaanse Hoër Meisieskool, Boys High en Girls High geïnisieer. Die mooi aand sal altyd aan hom gekoppel word. Die Afrikaans Departement sal mnr Kruger se siening dat redenaars en debatsaande nie koshuiskonserteaande is, altyd met groot dank onthou. Vir hom het dit nooit gegaan oor die hoeveelheid toeskouers nie, maar oor die kwaliteit van die optredes.

Tydens mnr Kruger se "regeringstyd" by Affies, bring hy talle verbeteringe op die terrein aan. Hy verwyder die ou tennisbane om plek te maak vir 'n nuwe skietbaan, 'n nuwe krieketveld en ook vir 'n nuwe rugbyveld. Verder gradeer hy ook die tennisbane, atletiekbbaan en swembad op. Hy was ook verantwoordelik vir die verkooplokaal aan die Westelike pawiljoen, die rekenaarkamer en ook die nuwe donkerkamer. Op sosiale gebied lewer hy ook sy bydra op die terrein deur die bou van die lapa — 'n ideale kuierplek tydens en na skool. Hy behou ook die tradisies deur die bou van die sirkel voor die skool. Dit sal ook vir ons huidige Affies van groot waarde wees om te weet dat daar ook onder sy leiding 'n gholfterrein beplan word. Verder sal die nuwe sportsaal ook voor die einde van volgende jaar sy plek agter die gimnasium inneem.

In die geval van mnr Kruger se gesin, het die appel nie ver van die boom af geval nie, aangesien sy hele gesin ook hard besig is om sy paadjie van sukses na te volg. Sy oudste seun, Gielie, het sy BSc-graad en hou skool op Brits — die tweede oudste, Johan, het sy BA-honn en hou skool op Rustenburg. Sy dogter, Emsie, maak hierdie jaar klaar met haar graad, B. Com — Personeelbestuur.

Saam met mnr Kruger gaan sy vrou ook Affies verlaat en dit gaan beslis 'n groot verlies vir Affies wees. Sy het by Affies ingeskakel en deel van Affies geword. Die spreuk: agter elke suksesvolle man, staan 'n vrou word byna herhaal in mnr Kruger se woorde: "as jou eggenote die vreugde en hartseer nie saam met jou wil ervaar nie, kan jy dit nooit vermag nie"

Affies is 'n tradisieryke skool. Dit was vir hom geen probleem om by Affies se sinvolle tradisies in te pas nie. Sommige tradisies het syns insiens egter nie meer gerym in vandag se tyd nie. Weghardloop na Magnoliadal, en standerd ses ongroening het uitgedien geraak. Hy erken dis 'n belewenis om weg te hardloop na Magnoliadal, maar in vandag se verkeer is dit nie moontlik nie.

Waar sal sy lojaliteit volgende jaar op die rugbyveld lê? Eenmaal 'n witbulondersteuner. Altyd 'n witbulondersteu-

Meneer Kruger het baie vir Affies nagelaat, maar wat het Affies vir hom nagelaat? Die voorreg om elke dag voluit te gee aan ons kinders. Vir hom was dit belangrik om Affies se tradisies sinvol uit te bou en te laat voortleef. Dit lê hom na aan die hart.


**Afskeidsboodskap:**

**Alhoewel 'n onaangename taak om te groet kan 'n mens nie anders om na sewe jaar by so 'n besondere skool, bly te wees om deel van Affies te mag wees en deel van Affies te bly.**

**Mnr T Kruger**

# Kerkafsluiting 1991

**— Michelle Buchel en Esther Venter**



**Hemelse vrede daal op ons neer...**

*"Mooi woorde roer my hart:*
*ek dra my gedig voor aan die Koning,*
*my pen is soos die tong van 'n vaardige skrywer."*
*— Ps 45:2*

Om te sê dat die Kerkafsluiting hierdie jaar ongelooflik was, is soos om te sê dat Namakwaland in die blomtyd mooi is. Ons dankdiens in die Ooskerk is baie meer as wat in woorde op papier neergeskryf kan word. Dit is gevoelens en emosies — 'n atmosfeer wat beter in stilte as in leë sinne vasgevang kan word. Dit is om weer 'n verlore vrede terug te vind na 'n besige en gejaagde jaar. Dit is 'n subtiele blik of 'n handgebaar wat gewone stemme omskep in 'n engelekoor. Dit is om weer voor God te kom staan, weg van mense en die aardse bestaan.

"Mag deur my lied die roem van u naam
oor geslagte strek, sodat volke u vir altyd sal prys"

— Ps 45:18

## Direkteurstrofeewenners — Tennis


Die Afrikaanse Hoër Seunskool het hierdie gesogte tennistrofee reeds nege keer die afgelope tien jaar verower.



**Voor (vlnr):** *Mnr P Theron (Organiseerder), Anton Louow (Kaptein), Mnr TLP Kruger (Skoolhoof).*
**Agter:** *Stephanus de Swardt, Jaco Keyser, Johan Steyn en Gareth Williams.*

## *In Memoriam*

*Karl-Henz Venter*



**Gebore:** *1 Februarie 1954*
**Oorlede:** *2 Julie 1991*

# *Matriekafskeid '91*

— Sunelle Swanepoel

**Die aand van blink juwele en vleiende aandrokke het oplaas aangebreek... MATRIEKAFSKEID '91 — 'n romantiese aandjie van saamwees by kerslig in ware Affiestyl.**

Die Mozarttema was ongetwyfeld 'n wenner. Ons skitterende gaste is buite die Theuns Bestersaal by die Technikon deur die st 9-bediensters ingewag. Laasgenoemde het, saam met die st 9-dansgroep wat in outydse klere rondgedwaal het, 'n tipiese straattoneel van sowat 'n eeu gelede voorgestel. Die st 9's moes hard konsentreer om hulle nie te vergaap aan die swierige Matrieks (en hulle ewe aantreklike metgeselle!) nie. Daar is hoflik vir die deftige gaste (oftewel adel) gebuig. Almal is dit eens dat hierdie groep Matrieks oor puik (en beslis ook unieke) smaak beskik! Die gaste is in die voorportaal met blink glasies pons ingewag, terwyl 'n paar st 9's in gepaste drag "die oor met Mozartkomposisies gestreel het."


Die prag dog eenvoud van die decor is deur meer as een oog opgemerk toe daar in die saal inbeweeg is. Elke paartjie is boonop met groot seremonie aangekondig. Die minuet wat deur die st 9-dansers aangebied is, was voorwaar 'n hoogtepunt, wat almal in 'n ware Mozartstemming geplaas het vir die duur van die aand.

'n Mens het nie nodig om voort te borduur op hoeveel daar geëet, gesels en gedans is nie. Een ding staan egter soos 'n keppie bo water: die aand van 20 September 1991 was 'n onvergeetlike geleentheid wat nog lank met 'n glimlag onthou sal word.



# Poskantoor privatiseer op 'n hoë noot

— Riëtte Both



**Voor:** *Louise Esselen, Emri de Wit.*
**Agter:** *Riëtte Botha, Anja de Muelenaere.*

**30 September. Dis die eerste Maandagaand van die Septembervakansie, maar vier Affies onder leiding van mej Bekker, hou nie soos enige ander normale Affie vakansie nie.**

Formeel geklee in swart en wit, om by die tema van die besondere geleentheid te pas, kom hulle by die Hoofposkantoor te Klerkplein aan. Die geleentheid: die dinee van die privatisering van die Poskantoor.

Die senuwees het geknaag, want dit was nie aldag dat 'n ensemble hulle debuut maak voor 'n paar honderd hooggeplaastes, onder wie dr Dawie de Villiers nie. Instrumente is gestem en die en die eerste note het die lig (of dalk die notebalk?) gesien. As die vier ambisieuse dames maar geweet het wat op hulle wag! Om dwarsdeur 'n vyfgangdinee te speel sonder om vir meer as vyftien minute te rus, is geen grap nie, veral as Mozart en Beethoven deel van die repertoire is. 'n "Appletiser" langs die musikake wandelpad het darem die moeë vingers en droë kele gelawe.

'n Halfuur voordat die mooiste maand my intrede maak, neem Jannie du Toit en Christa Steyn die musiekfront oor en dit is net verligte gemoedere dat Emrie, Louise, Anja en Riëtte die kombuis vir moontlike verversings genader het.

## Die seunskoolkoor se besoek aan AHMP

— Elrica de Kock

'n Nuwe tradisie is begin met die eerste optrede van die seunskoor by 'n saalopening van ons skool. Vir die eerste keer het hierdie koor die angs beleef van 'n saal vol kritiese meisiegesigte. Die Affiepersoneel en dogters se harte is egter gou gesteel. Almal het lekker saamgelag (en selfs innerlik saamgesing) met die lawwe limerieke van "Jan Viljee". Die hoogtepunt was seker die seuns se Sotholiedjie en die dromsel van Ĝobabis, wat beslis 'n lus vir die oor was. Die seuns het so meegevoer geraak dat hulle sommer begin dans het. Wie wil gou hemel toe gaan wanneer so 'n klomp engele (?) net hier op aarde vir jou kan sing!

# ATKB-redenaarskompetisie: die groot gepratery

— Sunelle Swanepoel

**Die oggend van 3 Augustus 1991 het die son spesiaal opgekom vir almal met iets op die hart. Die gepraat van die jaar het by die Technikon plaasgevind. Die geleentheid? Die Transvaalse gebiedsuitdun van die ATKB se redenaarskompetisie vir Hoërskole.**



Daar is sommer vroeg-vroeg weggeval met die voorbereide toesprake. Alles, van die "paranomasies van sug" tot "nasiebou" het onder die soeklig gekom. Elke deelnemer moes binne 6 tot 8 minute sy saak stel oor 'n onderwerp van sy eie keuse.

Dit was nog nie al nie! Die onvoorbereide toesprake het nog voorgelê... Alle deelnemers aan die kompetisie stem saam dat die skrale drie minute voorbereityd die kortste drie minute van jou lewe is. In teenstelling daarmee bly die drie minute lewertyd soos 'n reuse stuk kougom uitrek. Watter senuweewrak kan dan nou ook vir so lank liries raak oor iets soos skooldrag, of die behoud van nasionale simbole?

Veral Hanlie du Plessis het na al die gepraat met 'n glimlag huistoe gegaan. Sy het vir haarself en vir Affies 'n groot slag geslaan deur skoonskip in die junior afdeling te maak. Sy het uiteindelik as landswye naaswenner uit die stryd getree. Mooi so, Hanlie!

# Versigtig ... dis "forty days"!!

— Michelle Buchel en Esther Venter

**Vrydag, 2 Augustus 1991, het maar soos enige ander gewone dag begin, behalwe vir 'n verdwaalde groen baadjie hier en daar in plaas van 'n bloue. Die Matrieks het met breë glimlagte en te veel selfvertroue deur die skool gewandel, terwyl die onderwyserese baie hard probeer het om die dag na 'n doodgewone skooldag te laat lyk.**

Die periode voor pouse het die Matriekgroep skielik verdubbel en almal was in ekstase — die meisies het dan meer hare op hulle bene as op hulle koppe! Sommige brawe Affies het terselfdertyd die Matriekonderwyseresse probeer blinddoek, onder luide aanmoediging van hulle jonger mede-Affies. Met waterpistole in hulle rûe is die panikerige aangeklaagdes na die saal gelei om in die hof ondervra te word.





Mev Raath is onder andere aangekla van fisiese aanranding — daar word mos aan leerlinge geslaan vir die geringste rede! Mev Geldenhuys is aangekla van beskadiging van privaat eiendom — waar het jy nou al ooit gesien dat jou naels afgeskeur word tot op die regte lengte voor die bywoning van 'n tikklas?

Hoe dit ook al sy, die vonnisse is toe uitgespreek en almal is skuldig bevind! Die personeel sal vind dat hulle in 1992 definitief baat daarby sal vind deur die volgende woorde uit die bekende fliek, "A nightmare on Bond Street" te onthou:

"One, two, we're coming for you, three, four, better lock your door..."




## 'An die Musik"

— Franel le Grange

Die Vier-skolekonsert wat Afrikaans Hoër Seuns en Meisies saam met Boys' en Girls High aanbied, is deur mnr Tjaart Kruger van Seuns Hoër begin en het intussen 'n tradisie in eie reg geword. Vanjaar se konsert is aan hom opgedra en was 'n reuse hoogtepunt. Die kort program wat deur elke skool aangebied was, was van hoë gehalte en 'n wye verskeidenheid. Kaartjies vir beide aande in Boys' High se skoolsaal was reeds vroeg uitverkoop en die gaste het die program baie geniet.

Die gekombineerde massasang en -orkesspel aan die einde van die program was 'n groot sukses en al die ure se harde oefen is met groot applous beloon. Ons het vanjaar weer gewys dat ons, ondanks taal- en kultuurverskille — en miskien selfs te danke aan hierdie verskeidenheid — 'n besondere "An die Musik"-uitvoering op die planke kon bring.


# Volle skoolerekleure

*Volgehoue en besonderse prestasies op akademiese, kulturele en sportgebied het aan dié sewe die gesogte volle skoolerekleure besorg.* **Schalk de Lang** *(onderhoofseun) verwerf ook die AHS Trofee vir Leierskap en die Ambassadeurstoekenning.* **Bennie Botes** *word as Rugby- en Krieketspeler van die Jaar én as Sportman van die Jaar aangewys.* **Erich van der Linde** *het erekleure vir swem ontvang.* **Jacus Engelbrecht** *se redenaarsvernuf, Stroom-op redakteurskap en taal- en kultuuruitbouing besorg ook aan hom die Rapportryertrofee. Hy het ook 'n derde goue medalje ontvang.* **Philip Roesch** *(onderhoofseun) het as krieketspeler van formaat al talle erekleure en trofeë verower. Philip is ook 'n goeie rugbyspeler en leier.* **Janneman du Buisson** *blink uit in Wiskunde en Rekeningkunde.* **John Louis Pretorius** *(hoofseun) se alsydigheid op akademiese, kulturele en sportgebied besorg ook aan hom die Alsydigheidstrofee. Net enkele prestasies van dié wenners.*






*Ons ideale Affie-trofee is toegeken aan Tobias Lubbe — lojale, toegewyde mens. Tobias se mooi sportmangees en deursettingsvermoë is 'n voorbeeld vir elke Affie.*



*Jacob Joubert die st 6 Dux-leerlingskild ontvang. Hierdie leerling ontvang die Akademiese trofee vir die hoogste gemiddeld in die skool — 96%.*




*Frans Birkholtz is die Dux-leerling en het ook reeds 'n vyfde akademiese erekleure toekenning ontvang. Hy het ook talle vakprestasietoekennings ontvang.*



*Anton Gildenhuys, st 9 Dux-leerling wat ook reeds 'n derde toekenning vir akademise prestasies ontvang het. Hy het ook talle vakprestasietoekennings ontvang.*

# Olimpiades

## Wenners in die landswye kompetisies



*Wanneer David Butler (middel agter) en Martin Coetzer (agter regs) voor die rekenaar inskuif, kan min ander hoërskoolleerlinge hulle dit nadoen. Dié twee het vanjaar se landswye rekenaarolimpiade gewen waaraan 2 777 leerlinge deelgeneem het. Hul inskrywing het boonop die derde plek behaal toe dit saam met die nege ander beste inskrywings oorsee gestuur is vir beoordeling in 'n internasionale kompetisie. Hulle is ook gekies as twee van die drie Suid-Afrikaners wat in 1992 aan 'n intejrnasionale olimpiade in informatika in Duitsland gaan deelneem. internasionale olimpiade in informatika in Duitsland gaan deelneem.*

**Rekeningkunde-Olimpiade Finale:**
*Diederik de Roos (voor heel regs), Janneman de Buisson (voortweede van links), Marius van der Merwe (voor tweede van regs)*

**Die Suid-Afrikaanse Taalbond**
*Die Senior Tweetaligheidseksamen: Henk Smith (st 10) slaag met lof Afrikaans en Engels (agter links).*

**Afrikaanse-Olimpiade:**
*Henk Smith onder die eerste 18 (agter links), Arno Louw onder die eerste 19 (voor links).*

# Affies groet Tannie Noekie



**Tannie Noekie is in 1923 in Tanzanië gebore en 1945 met die Rhodesiër, Paul Venter, getroud — 'n tabakboer.**


Na haar man se dood in die destydse Rhodesiese oorlog, kan sy nie volhou met die boerdery nie. Sedert 1980 is tannie Noekie deel van die Affies en soos sy self sê sy dank die Here nog elke dag vir die aanstelling as hoofmatrone. Die seuns se harte het sy beslis gewen, want die pad na 'n man se hart loop mos maar deur sy maag.

Sy sê: ek is dankbaar aan die Skepper dat ek die voorreg gehad het om elf jaar deel te kon wees aan 'n skool soos Affies.

Affies, ek groet julle. Laat die Affielig steeds helder brand en onthou: ken die Here in alles wat julle doen.

**Die Affies groet 'n geliefde Affie-ma!**

# Oom Frikkie de Villiers — Nuwe faktotum




**Oom Frikkie de Villiers is Affies se nuwe faktotum sedert I September. Affies hoop hy en tannie Hester (en die hondjie) is reeds tuis op hul nuwe "plaas."**

Die koshuisbrakke het hom leer ken as die fantastiese fietsryer en kon ook dan nie anders so om sy fiets so een of twee keer weg te steek nie. (Gelukkig het oom Frikkie self ses kinders).


Tog kon oom Frikkie 'n grappie op sy tyd waardeer maar pleit dat die seuns tog net mooi stout moet wees en altyd hul skool se belange op die hart sal dra.

# BEVORDERINGS


## — Knap Onderwysers bevorder —



*Mnr P van Rooyen gaan as senior adjunkhoof na Middelburg Tegnies.*



*Mnr M Voges is bevorder tot Departementshoof na Hoërskool Verwoerdburg.*



*Mnr L Swart gaan as Departementshoof na Hoërskool Waterkloof.*

# Oud-Affie van die kwartaal

## JH du Plessis



**Johannes Hendrikus (Vaatjie) du Plessis is in 1938 in Pretoria gebore. Na voltooiing van sy laerskooljare aan Pretoria-Oos Laerskool, kom hy in 1950 as standerd ses leerling by Afrikaans Hoër Seunskool aan en matrikuleer hy in 1954 met drie onderskeidings.**

Hy begin in 1955, op 16-jarige ouderdom, om as leerklerk te werk en skryf in aan die Universiteit van Pretoria vir die B-Com (Rek) graad wat hy in 1957 verwerf. Hy behaal in 1958 die Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde 'n M-Com (Rek) graad. In dieselfde jaar slaag hy die toelatingseksamen van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad en registreer in 1959 as Geoktrooieerde Rekenmeester.

Hierdie konsensieuse oud-Affie is sedert 1959 in openbare praktyk in Pretoria en dien vanaf 1980 tot 1990 op verskeie liggame van die Transvaalse Genootskap van Geoktrooieerde Rekenmeesters, die SA Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters en die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad, naamlik die Ouditstandaarde Komitee, 'n stigterslid van die Kleiner Praktyke Komitee, Adviserende Komitee, Gesamentlike Raadgewende Komitee vir Professionele Rekenmeesters aan Universiteit van Pretoria en UNISA, en Subsidie-komitees van beide universiteite en die ondersoekkomitees van beide die SA Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters en die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad.

Hy was lid van die bestuur van die Pretoriase Streeksvereniging van die Transvaalse Genootskap van Geoktrooieerde Rekenmeesters vanaf 1980 tot 1986 en dien as voorsitter daarvan gedurende 1984 en 1985. Hy dien vanaf 1985 as lid van die Raad van die Transvaalse Genootskap van Geoktroieerde Rekenmeesters. Hy was vanaf 1986 tot 1989 'n lid van die Uitvoerende Komitee en was in 1988/89 President van die Genootskap. Hy was ook vanaf 1987 tot 1990 'n lid van die Raad van die SA Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters.

Sy verbintenis met die Afrikaanse Hoër Seunskool strek ver, want sy vader, wyle Paul J du Plessis, was een van die leerlinge wat op 28 Januarie 1920 die eerste skooldag bygewoon het. Hy was tot 1925 aan die skool verbonde en was onder andere kaptein van die eerste rugbyspan.

Al drie sy broers, was ook leerlinge van hierdie skool gedurende die volgende jare:

**— Carl M du Plessis 1944 tot 1948.**
**— Wyle Willem J du Plessis 1953 tot 1957**
**— Wyle Pierre J du Plessis 1958 tot 1962**

Hy is in 1960 getroud met Marienne Naudé van Bloemfontein en hulle het drie kinders, waarvan twee seuns, Roelof en Bernard aan die Afrikaanse Hoër Seunskool en die dogter, Marina aan die Afrikaanse Hoër Meisieskool gematrikuleer het. Roelof is tans 'n advokaat en Bernard 'n rekenmeester in Pretoria, terwyl Marina nog aan die Universiteit van Pretoria studeer.

Dit is interessant dat in 1950, toe hy by Affies aanland, hy nog onderrig is deur wyle oom Stickle Redelinghuys en Boet Daaf Malan wat ook vir sy vader skoolgehou het. In later jare, het sy seuns weer onder die hande van Fritz van der Westhuizen, Andries Uys en Piet Bosua deurgeloop, wat ook in 1950 reeds skoolgehou het.

Hy behou ook later jare sy verbintenis met die skool en was vir 'n aantal jare 'n lid van die Beheerraad (huidige Bestuursraad) van die skool en het ook namens die skool as Trustee van die Alex Roberts Trust opgetree.

**Boodskap:** *Aan die huidige seuns van Afrikaanse Hoër Seunskool, sê hy graag dat hulle die waarde van die tradisie van ons skool nooit moet onderskat as 'n belangrike deel van hulle opvoeding en ontwikkeling nie. Hierdie voorreg om lid te wees en te bly van 'n groep seuns en manne wat deur hierdie faktor saamgebind is, is vir my beskore en is in die latere lewe onskatbaar baie werd. Wees trots en lewe vir en volgens hierdie tradisie.*

# *Laat daar lig wees!*

# *Liewe Matrieks...*

— **Annie Malan**

**"I never knew that you are my hero!", kom die liedjie sterk en bevestigend uit die saal. Buite hou 'n Matriek en 'n standerd sessie mekaar met rooigehuilde gesigte vas. 'n Foto word van 'n groep vriendinne geneem, terwyl die res van die Matrieks nog op die verhoog staan saam met Juffrou en mev Van Schalkwyk.**

Dis hartseer — ek vrees vir volgende jaar wanneer dit ons standerd neges se beurt sal wees. Dis jammer dat daar in ons taal die term "vir oulaas" moet bestaan. Vir oulaas Affies se skooldrag dra, vir oulaas 'n "Chelsea bun" koop, vir oulaas vir die bokkie glimlag, vir oulaas na die venstertjie kyk...


Wanneer julle hierdie dinge weer doen, liewe Matrieks, sal julle dit doen as oud-Affies. Julle sal dit nie meer heeltemal soos tevore beleef nie — dit het tyd geword dat julle plek maak vir nuwe geleenthede in julle lewens, maar ook plek vir ander om te kan leer hoe om Affies te wees.

Affies salueer julle, Matrieks van 1991!


# *Ons groet ou-redaksielede:*

Fotograaf Gustav van Rensburg laat hom nie sommer afneem nie.

## Party het niks gedoen nie




Jaccus Engelbrecht
Redakteur



Johan van Huyssteen
Sub-redakteur (sport)




Abri Venter
Sub-redakteur (kultuur)



*John-Louis Pretorius*



Erich van der Linde



Janneman du Buisson

# "Edu-train VII" — 1991

— **Talitha Bertelsmann**

Dag na dag kom ons vrolik in ons blou rokkies by die skool aan. Ons enigste vrese is of mev Burger ons boeke gaan nasien of dat iemand dalk mag sien dat ons naels te lank is... Net 'n paar kilometer van hierdie sorgelose skooldae, leef kinders van dieselfde ouderdom in doodsangs — iets wat ek en Jeane Lombard tot die 19e September nog nie kon verstaan nie en ons nie juis veel daaraan gesteur het nie. 'n Dodetal in Soweto was maar net nog 'n nuusflits maar "Edu-train" het ons siening verander. Vir nege dae het ons intensief met 58 ander kinders van alle kulture en agtergronde saamgewerk en -geleef en meer geleer van menseverhoudinge as wat baie mense in 'n leeftyd leer. Vir nege dae het ons in 'n trein deur Oos-Transvaal gery en elke dag 'n groot of klein nywerheid, die informele sektor, die KNP of regeringsinstitute besoek en bespreek. Ons het deel geword van 'n gemeenskap en leefwyse ideaal aan die Nuwe Suid-Afrika.

Geen haat is op 'n individu gerig nie, maar miskien tog wel op dit wat hy verteenwoordig — sulke probleme is bespreek en oplossings is aan die hand gedoen. Ons het nie met 'n antwoord vir Suid-Afrika se probleme vorendag gekom nie, maar ons het idees en ons is entoesiasties. Ons het ons verbind om ons ideale na te streef, nooit moed te verloor nie en altyd die waarheid voor oë te hou. "Edu-train" was die wonderlikste ervaring van my lewe en my enigste hoop is dat ek in die toekoms 'n soortgelyke gemeenskap in Suid-Afrika in sy geheel sal vind.



# *Liewe Matrieks: Ons groet julle!*

*Baie dankie, Denise, Johanneke, Dorette, Adine, Ulla, Friedie, Lilanie, Liezl, Jolize!*

# Redaksie

**Redakteur:** Johan O'Kelly.
**Sub-Redakteurs:** Johan Nel (Sport), Braam Naudé (Kultuur).
**Redaksielede:** Nico Snyman, Nico Barnard, Charl de Klerk, Ulrich Kotzenberg, Craig Franklin, Robert Wilke, Wimpie Pieterse, Pierre Lombaard, Jacques Fourie.
**Fotograwe:** Klaas Louw, Danie Bredenkamp, Dawid Louw.

**Redaktrise:** Anina Boshoff.
**Sub-redaktrises:** Therese Bentum, Corlie Schumann.

**Redaksielede (St 10):** Marika Botha, Margerethe Jordaan, Talitha Bertelsmann, Annie Malan, Christel Wolmarans, Michelle Buchel, Esther Venter, Sunelle Swanepoel, Amelia van der Merwe, Elrica de Kock.
**(St 9):** Marlie du Plessis, Franél le Grange, Marga van der Merwe, Melanie Riding.
**(St 8):** Hanlie du Plessis, Ria Potgieter.
**Spotprente:** Annalene Kammer, Idalette du Plessis.
**Fotograwe:** Anina Boshoff, Karen Zeeman.

# Talentkompetisie op Brrrulfontein

— Franel le Grange

**Wie sal ooit daardie heugelike bruilofsdag vergeet? Soos een van die Brulfonteiners verlede jaar tereg opgemerk het, is hulle nie sommer so 'n spulletjie nie. Vanjaar, in die lente ("Lente, lieflike lente," sing Elmi'tjie) was hulle terug om talentkompetisie te hou op Brulfontein. Almal was daar — van klein tot groot — en so welkom, verseker die aanbiedster, tannie Babs, die waarnemende onderburgemeestersvrou. Die beoordelaars, die Papenfusgesin van Koekenaap, het ons nie teleurgestel nie. Oom Saggeus was daar in kakie, met sy Bloubulpet skeef op sy kop. Almal het die jongste dogter herken, maar wie was die nuwe vrou? "Dis nou tant Hessie," het die aanbiedster aangekondig, want sien, Penina het mos toe kort na die troue saam met die slagter verdwyn.**

Dit was egter 'n heugelike dag. Juffrou Liegsinde se kleuters het jou hart gesteel met hulle haasbekkies en blomgesiggies. Die Simpsons was ook daar — dit het vrolik gegaan op Brulfontein. Selfs die oues van dae het na 'n slukkie lewensessens die kappies afgehaal en weer lus gevoel vir 'n hupse polka. David Kramer, met sy rooi velskoene, en tant Silly sou maklik tot dagbreek kon aanhou dans!

Zeferella het liggies gebloos en "Liefling" dankbaar besing. Die liefde seevier, en die lieflike lyfliriek van die Dramatiese Dames-Dramaklub het die oë wyd laat rek. Die Brulfonteiners het talente en talente!

Op Koek-en-aap het die Papenfusgesin 'n tuisnywerheid en "pet shop". Hulle advertensie gedurende die pouse het almal oortuig — ons sal hulle beslis in die toekoms ondersteun. 'n Mens wonder net of al die "pets" so mak soos oom Saggeus s'n is?

Alli Terration, "the singing sensation" het almal se geduld tot die uiterste beproef voor die skoonhedeparade uiteindelik aangebreek het. Madeleine Maatjie Mentz (nie familie van Liezl en Sonika nie), was terug met die nuutste modes uit Parys. Haar "stunning models" het hulleself vanjaar oortref. Mej. Kuis was gepas bedees in vergelyking met die flambojante mejj Kitsch. As 'n spesiale vergunning het Madeleine 'n fladderwimpersensasie in neonpienk en groen uit Parys saamgebring. Die Brulfonteiners was sprakeloos.

Teen die tyd het die spanning al hoog geloop — wie sou wen? Die biltong-en-drank-omkopers is gediskwalifiseer, maar 'n mens wonder wie hulle was, want almal het gewen. "Ons kom nog op TV," het oom Saggeus gesê — en hy sal weet ... of hoe?






Wagner-Gedenktuin — Annie lei ons om die bos

# Juffrou Mieta se "dood" is kultuur se brood!

— Lustelle Steenkamp



**Kultuur is dood; poësie is vir die voëls. Dis die algemene opvatting in Affieland — maar toe breek Vrydagaand, 16 Augustus aan en die st 9's veroorsaak 'n kultuuropskudding!**

Onder die bekwame leiding van mev Mieta van Vuuren, is dit weer eens bewys dat enigiets vir 'n Affie moontlik is — selfs 'n suksesvolle "English Cultural Evening" Jy moes natuurlik bereid wees om twee LANG Saterdae (ter wille van kleedrepetisies) op te offer, en, in die geval van mev Van Vuuren, baie senuwees en slaap!

Met poësie as tema, het beslis nie net die "culture vultures" die projek vreeslik geniet nie. Byna die hele standerd het saam hard gewerk, harder gespeel en sommer baie gelag — 'n totale deelname van meer as 75% onder die st 9-groep, getuig van grootskaalse betrokkenheid.

In die proses het ons ook geskiedenis gemaak: die groot aand was so suksesvol dat dit beslis 'n jaarlikse instelling op die Affie-almanak gaan word! Ons wil mnr Fourie spesiaal bedank — met sy ruimhartige geldelike skenking sal die st 9's van 1992 selfs beter produksie op die planke kan bring! 'n Mens kan net sê: VIVA KULTUUR!

# "Vivant Romani!"

— Franel le Grange

**In Rome maak ons soos die Romeine — en dis groot pret!**

Vanjaar se Romeinse ete was weer eens 'n reuse sukses. Die muses van Apollo het volgens die tipiese Romeinse styl aangelê vir 'n fees. Die pragtige tafels, strelende musiek en kerslig het almal in 'n feestelike stemming geplaas. Op Olympus kon dit nie beter gegaan het nie. Die gode het beslis geglimlag oor die toga-betooide gaste en gewens dat hulle — soos verlede jaar — daar kon wees.

Die vermaak vir die aand was in die vorm van 'n tragiese ballet: die verhaal van Orpheus en sy geliefde Eurydice. Almal is vasgevang in die intrige en was hoogs beïndruk met die standerd negeballetgeselskap se aanbieding. Die pragtige Eurydice, en Orpheus se lierspel sal nog lank onthou word.

Na die ete is daar gesels en gedans. Almal was dit eens: die Romeine weet hoe om fees te vier!

*Wat 'n Kitsch Kersboom!*

# Die Voortrekkers word 60

**Die Transvaalse Voortrekkers het op die 9e en 10e Oktober heerlik feesgevier in Pretoria om hulle sestigste bestaansjaar te herdenk. 'n Klomp Affies het ook hierin gedeel.**

Almal het Woensdagmiddag, die 9e Oktober, ywerig begin tent opslaan by die Voortrekkermonument — almal het orals rondgekyk of hulle nie miskien iemand sien wat bekend lyk nie.

Om agtuur die aand het die feesprogram in die Amfiteater begin. Daar was orkeste, kore, 'n massa-flitsvertoning en nog vele meer. Afgesien van die ysige wind, is die aand perfek afgerond met 'n skouspelagtige vuurwerk-crescendo.

Die hele groep Voortrekkers is die volgende oggend met busse vanaf die Monument na die Uniegebou vervoer, vanwaar hulle na Kerkplein sou stap. Die sierwaens is nadergetrek — vanaf ossewaens tot 'n hele tuin bo-op 'n bakkie! Daarna is die vlae uitgedeel.

Op Kerkplein aangekom, het almal aandagtig na die feesboodskappe geluister. Daar was ook 'n kranslegging by die Krugerstandbeeld.

Die feestelike dag is afgesluit nadat 'n paar "Hou Koers"-e geskree is en die "Stem" gesing is.

— Lynnette Blackie

# Veldskool Amsterdam!

— Melanie Riding

**Maandag, 5 Augustus, het 104 st 8-Affies in die pad geval na Amsterdam (SA). Daar aangekom, is ons in groepe van agt verdeel — "Totsiens, maatjie!" Ons moes in twee koshuise gaan afpak. Na 'n vinnige, onbegeleide toer, het ons kleuterhoë toiletdeure, oopplanstorte en ysige koue water (die aand se ontdekking) aangetref. Dag twee is die helfte van ons na 'n ander koshuis geskuif, met — hiep-hiep-hoera! — warm water as beloning. Die daaglikse roetine was druk: dit het onder andere bewuswording, inspeksie, vlagparade, ens., ens., ingesluit.**

Hindernisse en avonture is met volle ywer aangepak; lesings oor onder andere kompaslees is vaak-vaak deurgesit. Die wat wel opgelet het by die kompaslees, het die kans gekry om die laternbekruip af te handel, sonder om te diep in die moeras in te loop.

"Interessant" is nie beskrywend genoeg vir die voedsel wat aan ons gegee is nie — drie volledige etes per dag en genoeg brood en pienk konfyt vir die ganse Heilsleer.

In die spankompetisie het groep vyf, met Liezel Vlok as leiers, as wenners uit die stryd getree.

Alles in ag geneem, was Amsterdam-Veldskool 'n manjifieke belewenis wat almal, wat dit meegemaak het, lank sal onthou.



# Ek sien haar eet

— Elrica de Kock

**"Nee dankie, sê die slimme muis," word volgens baie mense te min in die Meisieskool gehoor, terwyl (met apologie aan Philip de Vos) "Boetie, dis tyd om te bid, as 'n "Affie-girl" op jou skoot kom sit," 'n baie algemene uitdrukking geword het. Maar is hierdie probleem regtig so erg?**

In sommige klasse is toestemming gegee om te eet, want volgens die juffrou gebruik die meisies dan meer van hulle breinkrag vir akademiese doeleindes in plaas daarvan om die hele tyd planne te maak hoe om die "toebies" in hulle tasse te eet sonder dat die juffrou hulle sien.

Nog 'n groot euwel is die alomteenwoordige en daaglikse pouseparytjies. Wie kan eerlik sê hulle het nog nooit in hulle Affie-lewe 'n pouseparytjie bygewoon nie?

'n Blitsverkoper in tye van geldinsameling is altyd enige vorm van kos. Ons eie snoepie maak ook reg deur die jaar groot wins. Die pad na 'n man se hart is deur sy maag — kan die ou gesegde ook waar wees van die Affiemeisies?



# *Halt, stuit, een, twee!*


— Christel Wolmarans

Dit was voorwaar na 'n lang seisoen van oefen dat Affies se Meisies-Drilpeloton eindelik 'n halt kon roep op 10 Augustus. Die dag het die groot kompetisie by Hoërskool Erasmus op Bronkhorstspruit plaasgevind.

Die voorafgaande week was vir die drilpeloton rampspoedig. Een lid het siek geword en ons teller het die dag voor die kompetisie by die skool geval... sy het so seer gekry dat sy in die hospitaal beland het. Gelukkig kon twee staatmakers van die 1990-peloton vir hulle instaan. Tog het die senuwees maar gekou in die vroeë oggend terwyl die meisies al hebberend op pad was na Bronkhorstspruit.

Wanneer 'n mens die bogenoemde asook die feit dat die peloton net drie jaar oud is, in ag neem, is die derde plek wat hulle behaal het, werklik 'n prestasie. Baie geluk aan Marileen Opperman wat as die beste drilleidster uit die stryd getree het met 'n gemiddeld van 11% bo die naaswenner.

Ek dink ons kan met nog hoër verwagtinge uitsien na die kompetisie van 1992. Sterkte!!




SO LEER ONS VROULIKHEID.

TOTSIENS,
OOM EN TANNIE VAN WYK!

JUFFROU "BUMBLE BEE".

ANNA MACKENZIE

GEEN GERANK

MEJ. BARCELONA?

AMALGAMASIE


"EK EN MY BAADJIE" deur Schalk de Lange.
VOOR
NA
VISAGIE
EDWARDS
THERON
NEE, WAAAT!!

# Hoof se afskeidsboodskap tydens die Kerkafsluiting: 22 Oktober 1991

— Mnr T.L.P. Kruger

**Dit is vir my 'n voorreg om by hierdie geleentheid van ons matrikulante van 1991 afskeid te neem.**

Baie dankie vir bydraes wat deur die vyf jaar deur jul gelewer is. Ons verwys na jul betrokkenheid op akademiese-, sport- en kulturele gebied. Daar was pragtige prestasies, oomblikke van wen en oomblikke van verloor. Dankie vir totale samewerking. Dankie John Louis en die prefekte, asook Ben Myburgh en die koshuisprefekte vir getroue werk.

Dankie vir ouers wat die matrikulante getrou bygestaan het.

Om 'n boodskap vir jul toekomspad te gee, wil ek graag verwys na die vorige vier geleenthede van kerkafsluiting wat jul vanaf standerd ses bygewoon het en ek die volgende gedagtes vir daardie betrokke jare se matrikulante gegee het:

**St 6 — 1987:** "Ouers op hul knieë."

Ouers, u geleentheid vir direkte opvoeding van u seun, het u tot vandag gehad. Noudat hy die volwasse wêreld gaan betree, sal u betrokkenheid beperk word tot u knieë wanneer u vir hom sal bid dat dit wat u hom geleer het, by hom sal bly, veral wanneer die versoeking kom.

Seuns, bly getrou aan dit wat jy aan moedersknie geleer het.

**St 7 — 1988:** "Die wêreld skuld jou niks."

Seuns, die wêreld skuld jou niks. Inteendeel jy skuld ons Hemelse Vader alles wat Hy onverdiend aan jou gratis gegee het. Dank Hom daarvoor.

**St 8 — 1989:** "Elke seun is sy ouers se trofee."

Terwyl van die seuns trofeë met die prysuitdeling ontvang het vir uitstaande prestasies gelewer, is daar baie seuns wat nie hierdie voorreg kon deel nie.

Vir u as ouers is daar egter hierdie troos dat u ongeveer 18 jaar gelede die mooiste trofee denkbaar van onse Vader ontvang het. Dit was 'n voorreg as Moeder en Vader om die trofee gereeld blink te vryf en wanneer daar 'n duik ontstaan het, te help om dit uit te slaan, mooi te maak en weer blink te vryf. Ons wens is dat hierdie trofee van u, vir u in die toekoms 'n trots sal wees. Seuns, julle moet onthou dat die blinkhou van hierdie trofee nou jou eie verantwoordelikheid en trots is.

**St 9 — 1990:** "Naasteliefde — nie lippetaal nie."

Soos die Samaritaan nie net gekyk het nie, maar wel fisies hulp aangebied het, moet julle ook wees. In 'n onbetrokke wêreld waarvan elkeen deesdae byna apaties sy eie gang gaan, terwyl so baie mense om ons in nood en ellende verkeer, waarin selfsug en grypsug en haat al hoe meer na vore kom terwyl almal na vrede smag.

Jesus kón so 'n gelykenis aan ons voorhou, want Hy het die voorbeeld en volmaakte, selflose naasteliefde gestel aan die kruis op Golgota.

**St 10 — 1991: Wie is eerste?**

**Ons het deur die jaar in ons sport-en kultuurdeelname die voorreg gesmaak om eerste plekke te behaal in atletiek, swem, tennis (deur die Direkteurstrofeë te verower) en die rekenaarolimpiade te wen. Verder het ons in nie minder as ses aktiwiteite 'n tweede plek of te wel 'n plek as naaswenner behaal nie. Baie vrae is gevra oor die tweede plekke. Schalk het selfs gepraat van "so naby en tog so ver" van die rugbywedstryd.**

**Het ons nie miskien hierdie kwessie van wen en verloor, eerste en tweede, verkeerd vertolk nie? Was daar nie miskien te veel van eie eer ter sprake na ons gewen het nie? Het ons ook miskien nie te veel redes vir 'n tweede plek gesoek nie, redes wat ander mense te na kom en selfs afgekraak het nie? Het ons regtig besef dat alle uitslae in Sy Hande is en dat daar in elke spel van die lewe net een Wenner is en dit is Jesus Christus?**

**My liewe seuns, matrikulante, ek kan julle waarborg dat die lewe maar ook net 'n spel is en dat jy verseker ook sal wen in die toekoms, maar dat jy so seker as wat jy leef, ook gaan verloor. Maar of jy wen òf verloor, dra dit op aan die Groot Wenner en laat Hy die Eerste in jou lewe wees.**

**Ek gee graag Psalm 91:14 — 16 aan julle vir jul pad vorentoe. En my wens is dat jul 1991 se matrikulante aan hierdie Psalm 91 sal verbind:**

*Omdat hy (matrikulant) My liefhet*
*sal Ek hom red.*
*Sê die Here*
*Omdat hy My ken,*
*sal Ek hom beskerm.*
*Wanneer hy My aanroep,*
*sal Ek sy gebed verhoor,*
*in sy nood sal Ek by hom wees.*
*Ek sal hom red*
*en hom in sy eer herstel.*
*'n Baie lang lewe sal*
*Ek hom gee*
*en oor My hulp sal*
*hy hom verbly.*

**Ek groet u.**

## *Afskeidsboodskap aan die Matrikulante by geleentheid van die kerkafsluitingsdiens — 22 Oktober deur dr P.R. du Toit*

**Skriflesing: Spreuke 3:13-14**

Dit gaan goed met die mens wat wysheid gevind het, wat insig as sy deel ontvang het, want dit bring meer winste in as silwer en lewer 'n groter opbrengs as goud.

Die matriek-eksamen is baie belangrik. Dit is egter nie die belangrikste eksamen wat jy gaan aflê nie.

*Tema:*

**WYSHEID MAAK JOU GEREED VIR DIE EKSAMEN VAN DIE LEWE**

# *Matriekafskeid '91*



— Wimpie Pieterse en Robert Wilke


**Dit is enige leerling se grootste droom om van sy skoolloopbaan glorieryk afskeid te neem. Vir die 1991 Matrikukante het die st 9-groep hierdie droom verwesenlik.**

Die voorbereiding van die saal het reeds 'n week voor die groot aand begin. Onderwysers, ouers en leerlinge het letterlik hulle vingers stromp gewerk om Antieke Egipte te herskep. Farao's, reuse palmtakke en gebalsemde bediendes het hierdie Renaissance van Mistieke Egipte 'n droomwêreld gemaak.

Die matriekpaartjies is een vir een persoonlik deur mnr Kruger, die hoof, verwelkom. Daarna is die gaste met tipies Egiptiese gasvryheid na hul tafels geneem. Nadat mnr Theron geopen het, is die geselligheid voortgesit met die bediening van 'n smaaklike maaltyd. Johan Nel — seremoniemeester — het dié eregaste verwelkom, en die paartjies op hoogte van die program gehou.

Na afloop van die ete, het die alomteenwoordige bediendes die tafels afgedek. Die dansvloer is geopen en die matrieks het met bekoorlike danspassies die vroeë oggendure ingewals.

Op hierdie hoë noot is die 1991-matriekjaar afgesluit. Die afskeid het suksesvol verloop, en dit vir een van Affies se talentvolste matriekgroepe ooit.



*Affies se nuwe hoofseun: SJ de Beer*

# Prefekte '92

**Nico Barnard, Nelius Booysen, Jaco Cloete, SJ de Beer, Charl de Klerk, Stephanus de Swardt, JP du Plooy, Claudius du Plooy, Craig Franklin, Anton Gildenhuys, Rudolf Gunter, Bertus Korb, Jan-Hendrik Kruger, Rudolph Louw, Abraham Naude, Johan Nel (o/h), Johan O'Kelly, Bernard Odendaal, Jaco Purchase (o/h), Mike Roos, Nico Snyman, Marcel Snyman, Johan van der Walt, Johan van Rensburg, Theuns Vorster.**

## EKSPO WENNERS



*Marthinus van der Reyden en Johan van der Walt verwerf 'n goue medalje by die nasionale Expo in die Biologie-afdeling.*

# Koor

**Die jaar 1991 kan definitief opgeteken word in die Affie geskiedenisboeke wat koorsang aanbetref. Feitlik alle kritici se monde is deur die Seunskoor gesnoer. Die jong en onervare koor van vroeër, het ontwikkel met 'n sangtalent waarmee daar rekening gehou sal moet word in die toekoms.**

Vir die eerste keer neem AHS deel aan die Direkteurstrofeekompetisie en word op grond van die kwaliteit van sang wat op die Noord-Transvaal uitdunne gelewer is, gekeur vir die finaal. Die Hoërskool Wonderboom wen egter die Direkteurstrofee wat op 10 Augustus in die Krugersdorp Eeufeessaal gehou is. Affies was met 'n kortkop naaswenners.

Na hierdie puik optrede, word die AHS-koor oorval met uitnodigings vir optredes. Daar is onder andere optredes gehou te Hoërskool Tuine asook in die NG-Kerk Pretoria-Oos en die St. Albans Katedraal.

Nog 'n eerste was toe die Seunskoor by 'n saalopening by die Afrikaanse Hoër Meisieskool opgetree het.

In Augustus word 'n droom bewaarheid toe Affie Seuns en Meisies saam 'n uitvoering lewer tydens 'n musiekaand in die Kleinteater. 'n Luide toejuiging was duidelik te hoor en soortgelyke optredes in die toekoms, word glad nie uitgeskakel nie.

Die hoogtepunt van die jaar was egter die gesamentlike optrede van die kore AHS en AHMP asook Girls High en Boys High.

Wat die Seunskoor se aansien verder verhoog het, was die uitnodiging van die Direkteur van Onderwys, om op 26 September 1991 in die Staatsteater op te tree as deel van 'n Binamuculu-uitvoering.

Die koor was dan ook uitgenooi om saam met vooraanstaande kore tydens die Jakaranda Koorfees op 21 Oktober in die Opera van die Staatsteater deel te neem. Die Affies is ook genooi om tydens die Nissan-Koorfees saam met bekende Opera Sangers soos Mimi Coertze en Rapael Vilakazi op te tree.

Baie word verwag van hierdie relatief jong koor vir volgende jaar. Nog baie optredes en 'n moontlike operette word vir 1992 beplan.

# Dramuk '91

**In die handhawing van een van Afrikaans Hoër Seunskool se jongste, maar reeds hoog aangeskrewe "tradisies", is Vrydagaand, 23 Augustus 1991 vir die derde agtereenvolgende keer gekenmerk deur puik kultuurtalent, en 'n nuwe dimensie in inisiatiewe rakende die ontginning daarvan.**

Die geleentheid? DRAMUK se 1991-breinkind het lewe gekry as 'n talentkompetisie, 'n formaat wat veel meer "uitdrukkingsruimte" gebied het as byvoorbeeld 1989 se musikaal- en vokaalgebonde "A tribute to Andrew Lloyd Webber" en 1990 se suiwer toneelaanbieding van "Gee jou hart in Hillbrow". Soos voorheen, is die organisasie daarvan deur mnre Deon du Plessis en Jaco Roux aangepak — 'n taak wat hulle met groot inisiatief en entoesiasme begroet het.


Die resultaat was 'n eerste vir Affies — vermaak uit die boonste rakke met die klem op verskeidenheid. Welliswaar nog 'n relatief nuwe konsep, maar een wat hom as uiters lewensvatbaar èn suksesvol bewys het op dié glorieryke Affie-aand.

Die inhoud van die talentkompetisie is gekenmerk deur sang, musiek en toneelitems van hoogstaande gehalte. Dit was dan ook Rudolf Simon se bydrae "In der Waldschende" wat met die louere weggestap het. Carl R Kaiser, 'n matriek-Affie asook 'n toegewyse lid van die Duitse Mannekoor, het 'n sensitiewe en weldeurdagte vertolking gelewer wat die eerste prys deur en deur regverdig het.

Tweede was Pieter Grobler, 'n standerd 6-leerling wat onder andere alreeds die Unisa Graag VI klaviereksamen afgelê het. Hy het groot indruk gemaak met die geoefende virtuoositeit waarmee hy Loëschone se Studie in A en Marcello se Sonata (Alllegro) voorgedra het.

Die derde plek het gegaan aan die matriekleerling, Jacques Steyn, met sy vertolking van G Guardani se "Carlo mio ben" en "Perhaps Love", verewig deur John Denver. Dat hy 'n oud-Drakie is, kon duidelik gehoor ward aan die luide toejuiging waarmee sý weergawe begroet is!

Dus: aan al die onderwysers, leerlinge, komponiste en draaiboekskrywers "in absentia" — baie dankie vir hierdie pioniersaanbieding, dit het net weer eens bevestig (deur die harde werk en gerafelde senuwees ...) dis 'n fees om 'n Affie te wees!



*Jako en Emri de Wit*

# Al ooit gehoor van 'n Affie-"Giant"?

— Annie Malan

**Hulle noem hulleself, "Giants"! Omdat die Affies so baie eet? Nee, maar omdat dit die klub is waaraan hierdie geesdriftige nege behoort. Sowaar: Affies se eerste sagtebalspan!**



Die idee het in Betsie Ellis se kop begin draai, want sy het reeds in die Laerskool aan hierdie Amerikaanse sportsoort deelgeneem. Sommer gou het hulle 'n vurige span saamgestel: Karen Zeeman, Annelie van der Walt, Riëtte Laas, Susan en Magdeleen Toerien, Betsie en Hannelie Ellis, Carine Kruger en Erica Brand.

Hulle beoefen die sport nie net vir die pret nie, maar Susan verseker my dat hulle tot dusver nog elke kompetisie waaraan hulle deelgeneem het, gewen het. "Dis sommer baie pret en ons hoop dat Affies baie meer betrokke sal raak by die sport!"

# Bo 15-Tennis

— Gina Steyn

Affies het vanjaar weer eens uitgeblink in hul tennis. Ons eerste span se moed was glad nie gebreek toe hulle naelskraap tydens die eindrondte van die Direkteurstrofee teen Wesvalia verloor het nie. Hulle het gewys wat waarlik in hulle steek toe hulle Wesvalia in die landswye Ster-Kinekortoernooi geklop het. Affies het hier tweede uit die stryd getree, met Hoërskool Stellenbosch as wenners van die toernooi.

Nie net die eerste span het goed gevaar nie. Die tweede span was die wenners van die B-liga. Alhoewel die derde en vierde spanne nie hul liga gewen het nie, het hulle steeds Affies se naam hoog gehou.

Met raket in die hand, sien ek haar wen!

# Wiskunde-Affie: verlief

— Hanie du Plessis


**Ek was maar net 'n gewone Affie, wat die hele dag met Pythagoras en Meetkunde besig was — totdat ek eendag, onverwags, die man van my somme ontmoet. Ek was op pad na die Wiskunde-Olimpiade-finaal, (dit was vlug 178 na Kaapstad) toe hy daar langs my sit.**

Toe ek vir die eerste keer sy reghoekige lengte-maal-breedte-oppervlakte sien, het ek geweet hy's vir my bedoel. Sy wangbene was nes vierkantswortels en het gedui op 'n gesig vol karakter. Maar sy oë het die deurslag gegee — die irisse perfekte blou sirkels waarvan ek tog te graag die formule sou wou meet! Hulle het my vasgevang en aangetrek soos 'n magneet en ek het gestaar in die oë van my Wiskunde Wonderman! Hy was die een wat vir die eerste keer aan my delikate hande sou vat.

Maar 'n skok het op my gewag — hierdie keer sou my 1 + 1 nie gelyk wees aan 2 nie, want daar was 'n faktor waarvan ek vergeet het — SY MEISIE! Sy't ewe skielik verskyn, nes die onbekende "x" in 'n vergelyking. Dit sou egter 'n bietjie moeilik wees om die een se waarde uit te werk. Sy't langs hom gaan sit en hy het na haar gekyk. Sy was duidelik die "+" in sy lewe.

Die laaste wat ek van hom gesien het, was sy goue kuif wat in 'n 45-grade hoek oor sy voorkop geval het. Dit was die einde — ongelukkig sal die probleem nooit 'n antwoord kry nie. Ek het gevoel soos 'n sakrekenaartjie waarvan die batterye nou net pap geword het!

# Padwedloop te Tzaneen



— Marelie du Plessis

**Op Vrydag, 23 Augustus, het tien opgewonde Affies onder leiding van mev Raath die lang pad Tzaneen toe met die skoolbussie aangepak. Die doel: 'n padwedloop by Duiwelskloof wat die volgende oggend vroeg sou begin.**

Die wedloop van twintig km, was in 5 skofte verdeel. Die pad het deur bosse en plantasies, oor brûre en langs damme verby gekronkel. Die landlopers moes elk vier km hardloop. Die nie-amptelike naelloopspan sou al om die twee km met die bussie op- en afgelaai word (vir morele ondersteuning!)

Al langs die pad is die atlete uit bussies aangemoedig. Die afstand tussen die Affies en die voorste atlete het met meters gekrimp. Aan die einde kon nie gesê word wie die moegste was nie — die landlopers wat 4 km of the naellopers wat 2 km gehardloop het nie! Die Affiespan wat alles uitgehaal het, het 'n welverdiende tweede plek behaal!

Met die terugkomslag Pretoria toe, het mev Raath gewys wat in haar steek deur omtrent 20 km met die bussie te ry terwyl die petrolnaald op "dolleeg" gestaan het! Almal het moeg, maar tevrede terug by die skool aangekom na 'n onvergeetlike naweek.



# SPORT







*"Practice makes perfect"*



## *St 9-Affies sien dit as vreeslik romanties*

— Sunelle Swanepoel

**Lustelle:** 'n Fluitspeler wat onder 'n boom in Ierland poësie aan haar voordra.
**Shimone:** Om 'n verloofring, vasgevries in 'n ysblokkie, in jou sjampanje te ontdek.
**Karien:** Hy en sy ry perd. Die perd skrik en hy moet haar vir skok behandel.
**Deirdre:** Om saam te "bungee jump"/om saam te swaai in 'n speelpark.
**Retha:** As hy vir jou 'n telegram stuur om jou sterkte vir 'n toets toe te wens (en hy bly net 'n klipgooi ver!)
**Madelein:** Om saam krappe te vang by die see.
**Christel:** Sy dink nog...
**Ankia:** Sewentien langsteelrose vir haar sewentiende verjaardag van 'n geheime bewonderaar (maar sy moet weet wie dit is!)
**Sunelle:** Die reuk van 'n naskeermiddel wat jou altyd sal bybly.
**Jeanne-Marianne:** 'n Wit-en-rooi Victoriaanse piekniek op 'n rots langs die see.
**Jeane:** Samesyn (*) op 'n roltrap in die "Sandton Sun" (* gesensor) (nie deur my nie — D.V.).
**Tania:** 'n Bos "gips"... en rooi roos ... 'n kaartjie: "You're one in a million!"
**Ronelle:** Om die enigste twee skipbreukelinge op 'n verlate eiland te wees.
**Andore:** Om saam in die veld na die sterretjies te kyk.
**Cordia:** 'n Bak kilojoule-vrye "fudge" van 'n bewonderaar.
**Therona:** 'n Ou wat 'n Franse ete voorberei en self die kombuis opruim.

# Fiestry '91

— Charl de Klerk

**Donderdagmiddag, 29 Augustus 1991 is uitdunne gehou onder die Affie-fietsryers. Die uitdunne was in die vorm van 'n kermesse by die Samcor-baan by Silverton. Die eerstespan is toe gekies: Bosseau Boshoff (st 9), Charl de Klerk (st 9), Dewald Els (st 9) en Kobus Oosthuizen (st 10).**

Hierdie span het toe begin voorberei vir die groot dag: die jaarlikse N.Tvl Interskole Afloswedren by Zwartkopsrenbaan op 19 Oktober.

Die baan is 2 km lank en omtrent 70% opdraende. Elke ryer ry afsonderlik om die baan met die aflosband wat hy aan die einde van die rondte aan die hardloper gee by die beoordelaars en hul gee dan die bandjie oor aan die volgen de fietsryer. Die span met die meeste aantal rondtes na twee ure, wen.

Die kompetisie was straf in die 35°C omstandighede en sowat 21 hoërskoolspanne het deelgeneem. Sutherland High was eerste met 37 rondtes, Zwartkop was tweede en kort op hulle hakke, in die derde plek, was Affies.

Die Affies is baie trots op hul prestasie en hoop om volgende jaar met die louere weg te ry, sodat fietsry meer erkenning kan geniet in Afrikaanse skole soos Affies waar daar dan ook gebou kan word aan 'n goeie sport soos fietsry.




# Landloop

**Gedurende die 1991 Landloopseisoen het AHS se landloop baie goed presteer. Die juniorspan het veral deurlopend beïnduk met uitstekende prestasies.**

Die juniorspan bestaande uit: Francois Strydom, Chris de la Rey, Sakie Venter en Hendrik Tryhou het die volgende prestasies behaal:

- Wen die N Tvl afdeling van die Direkteurstrofee Uitdun by HS Zwartkops.
- Behaal 'n derde plek by die Direkteurstrofee finaal te Potjchefstroon.
- Behaal 'n vierde plek by die SA Skole Landloopkampioenskappe by Amanzimtoti.
- Behaal 'n tweede plek by die N Tvl Skole Liga-kompetisie.
- Wen die N Tvl Skole Kampioenskappe by HS Gerrit Maritz.
- Rudy Gunter word gekies vir die N Tvl span.
- Francois Strydom en Chris de la Rey word gekies om N Tvl te verteenwoordig by die SA Junior Landloopkampioenskappe te Alberton.
- Francois Strydom behaal 'n eerste plek by die N Tvl Kampioenskappe en 'n vierde plek by die SA Kampioenskappe.


# *Sagtebal*



— Mnr Chris Krüger

**Affies het vanjaar baie goed presteer in sagtebal. Veral die juniors by die o/14-liga het baie goed ontwikkel en toon baie potensiaal vir die toekoms. Hulle het slegs een wedstryd in die liga teen Hartebeespoort verloor en sodoende direk na die finaal deurgedring. Hartebeespoort was egter net te sterk en Affies moes die knie buig in die finaal.**

Ons het ook 'n baie gemotiveerde o/19 B-span gehad wat 'n groot wisseling 'n spanlede gehad het, maar ook hulle het goeie sagtebal gespeel. Omdat hulle ook teen die A-spanne gespeel het, was dit onvermydelik dat hulle heelwat straf verduur het, maar dit was goeie ondervinding en het goed te pas gekom toe hulle Sonitus se B-span in die laaste beurt tot oorgawe gedwing het. Groot dankie ook aan mnr Jaco Pieterse wat vanjaar as nuweling ook hier vir ons groot werk gedoen het as afrigter.



Die o/19 A-span wat deur mnr Blackie Swart afgerig word, het vanjaar net soos ons eerste rugbyspan alles uit sy pad gevee en die liga onoorwonne afgesluit. In die semi-finaal het hulle met Elandspoort afgereken 12-5 en in die finaal teen Hartebeespoort te staan gekom.

Net twee foute het ons die wedstryd gekos en het ons seuns ook die dure les geleer dat 'n mens onderdruk koelkop moet bly. Alles in aggeneem, was dit 'n skitterende seisoen en sien ons uit na volgende jaar aangesien ons slegs drie seuns verloor.

Die o/19 A's moet geluk gewens word aangesien hulle van vir die Noord-Transvaalse o/16 en o/19-spanne gekies is: Steven Louw, George Heuer, Sheldon Heuer vir o/16 en Bossie Swanepoel vir die o/19-span.

Hulle sal van 11 — 14 Desember aan die interprovinsiale Sagtebaltoernooi in Germiston deelneem en ons hoop dat hulle ook hier Affies se naam hoog sal hou.

# Cravenweek



**Affies kan vanjaar met groot trots sê dat ses van die eerstespanlede vir die Cravenweek vir die N Tvl A-span gekies is. Peter Jackson, Alex Strydom, André Ferreira, Bennie Botes, Theo Buys en Benito Myburgh. Johan Steyn en Johann Geringer is vir die A-span gekies.**

Cravenweek is vanjaar in Oos-London aangebied vanaf 8 Julie tot 13 Julie. Enige iemand wat na daardie wedstryde gekyk het, sal weet van watter hoë gehalte die rugby was. Die N Tvl-span het dan ook 'n mooi oorwinning in die hoofwedstryd teen Grens behaal met 'n telling van 9-10.

Uit al die Cravenweekspelers is 'n SA Skolespan saamgestel en hier het Bennie geskiedenis gemaak om as die eerste Affie vir daardie span gekies te word. Ons kan verseker wees om nog heelwat van hierdie "wit blits" in die toekoms te sien. Die ander uitblinkers was Schalk wat vir die SA Projektespan gekies is en JP du Plooy wat vir die N-Tvl projektespan gekies is.

Dis verseker dat julle nog lank onthou sal word vir alles wat hulle vir Affies se rugby beteken het.

— A Venter

# AHS Krieket 1991

**Daar is vanjaar 8 spanne in verskillende liga's ingeskryf. Drie spanne in die eerste liga; een in die tweede liga: 'n o/15 A- en B-span sowel as 'n o/14 A- en B-span. Al die spanne is tans nog besig met die verskillende uitspeelwedstryde.**


Ons seuns het ook al vanjaar besondere prestasies op die krieketveld behaal:

**Junior Spelers:** — die volgende seuns is gekies vir die Noord-Transvaalse Afrikaanse Hoërskole o/15 Krieketspan: Deon Strydom vir die A-span en is ook kaptein van die span; Johan Bosman en Dirkie Strydom B-span.

**Senior Spelers** — Phillip Roesch en Stefan Shires is ook gekies vir die Noord-Transvaalse Afrikaanse Hoërskole Senior Krieketspan. Phillip Roesch is ook aangewys as die kaptein van hierdie span.

Nuffield-proewe: Phillip Roesch en Bennie Botes was onder die finale sestien spelers waaruit twaalf gekies sal word vir die Nuffield-week. Bennie Botes word gekies.

Phillip Roesch het 'n verdere prestasie behaal deurdat hy aangewys is as beste senior kolwer op die Oktoberweek.



# Skaak

*Kolver en Vicci glimlag nie verniet só breed nie.*

**Semi-finaal:**
**Direkteurstrofee**

Affies word wenners van die oosstreek deur Kemptonpark Hoërskool en Genl Hertzog, Witbank te wen.

**Finaal:**
**Direkteurstrofee**

Affies verloor 4-6 teen Hoërskool Randburg en is dus tweede in Transvaal.

# o/15 Rugby '91

— Pierre Lombaard, 8C

**1991 was een van daardie jare waarin die onmoontlike moontlik geword het — die eerste span het nie die finaal vir die Direkteurstrofee gehaal nie, en die o/15-span het. Met 'n span wat aan die begin van die jaar vier van sy eerste sewe wedstryde verloor het, het niemand hulle 'n kans gegee nie, nie eers om die liga te wen nie.**


Deur die hele seisoen het hulle dan ook almal verbaas deur eerste te eindig, teen alle verwagtings en voorspellings in. In die Noord-Transvaalse uitspeelwedstryde, het hulle onderskeidelik met Oos-Moot en Waterkloof afgereken. Die groot verrassing het egter gekom toe hulle FH Odendaal met 20-3 trap in die Noord-Transvaal finaal, teen wie hulle 12-17 vroeër in die jaar verloor het.

Hulle uitspeelwedstryde vir die Direkteurstrofee teen Ben Vorster en Nelspruit, het hulle dan ook almal heel oortuigend gewen.


Op Saterdag, 7 September het die groot dag aangebreek waaoor almal nog net gedroom het — die Direkteurstrofee-finaal! Saam met twee busse ondersteuners, het hulle opgeruk na Middelburg, waar hulle teen Potchefstroom Gimnasium te staan gekom het. Ongelukkig kon hulle nie voortbou op die 4-0 voorsprong van die eerste helfte nie, en toe die eindfluitjie blaas, was die telling 6-4 in die guns van Potch Gimmies. Baie geluk dan aan hulle met die oorwinning.

Die statistieke vir die jaar is as volg: Wedstryde gespeel: 18; gewen: 13; verloor: 5; drieë vir: 80; drieë teen: 16; punte vir: 411; punte teen: 136; wedstrydgemiddelde: 23-7.

Aan die o/15's: Jammer dat julle nie die knoop kon deurhaak nie, maar baie geluk met 'n skitterende seisoen waar julle Affies se lig weer helder laat brand het. Met statistiek soos dié, het julle gewys hoe rugby gespeel moet word! Geluk ook aan dr Edwards en mnr Oosthuizen, hulle afrigters — dit was 'n skitterende seisoen!



# Sportman van die Kwartaal
# Bennie Botes



**Barend Matthews Botes is gebore op 5 April 1972 en is 'n Affie sedert Februarie 1990. Bennie is alombekend vir sy talle sportprestasies.**

Die sportsoorte waarin hy dan ook die meeste uitgeblink het, was natuurlik rugby, krieket, atletiek en skyfskiet. Sy verskillende prestasies is soos volg:

**Rugby 1990:** Affies eerste span — verwerf Noord-Transvaalkleure.

**1991:** Affies eerste span — verwerf Noord-Transvaalkleure, kaptein Noord-Transvaalspan, haal Suid-Afrikaanse Skolespan, haal Kwagga Barbarian-span, haal Suid-Afrikaanse Craven XI.

**Krieket 1990:** Lid van Direkteurstrofeewenspan, verwerf Noord-Transvaalkleure, verwerf Transvaal Plattelandse Distrikte kleure.

**1991:** Verwerf Noord-Transvaalkleure, haal Nuffieldspan.


**Atletiek 1991:** Lid van die Direkteurstofeewenspan.

**Skyfskiet 1990:** Affies senior skietspan, streekwenners.

**1991:** Affies Senior Skietspan, streekwenners, lid van Noord-Transvaal oefengroep, kaptein van Affies Senior Skietspan.

Bennie het Noord-Transvaalkleure verwerf in twee sportsoorte twee jaar agtereenvolgens wat voorwaar uitstekend is. Hy stel ook daarin belang om Sportsielkunde of Biokinetika te studeer.

Hierdie kranige sportman het ook die eer te beurt geval om die trofeë as Rugbyspeler en Krieketspeler van die Jaar en Sportman van die Jaar in te oes, ook dié trofee vir die Hoogste Sportprestasies van die Jaar. Bennie word ook met volle skoolerekeure bekroon.



*Jaco Keyser en Amelia van der Merwe het vanjaar daarin geslaag om in die finaal van die Hoërskole-dubbelspel-toernooi in Pretoria, met Hoërskool Waterkloof se nommer een tennispaar af te reken. Sodoende het hulle die trofee vir die nommer een paar tydens die toernooi verower. Hierdie twee spelers het bewys dat die twee skole saam ongetwyfeld vir beter resultate sorg.*

## Binnenshuisehokkie — Junior



*Voor: Minette Ferreira en Wenette Jacobs.*
*Middel: Francis van der Bijl en Tanya van Niekerk.*
*Agter: Marleen Zarrabi, Ria Potgieter en Nelce van der Westhuizen.*



*Voor: Lizette Hoffmann, Lizette Otto, Riëtte Laas en Erica Brand.*
*Agter: Anaryl Ferreira, Ellen Visser, Hannelie van der Merwe en Retha van Niekerk.*

## Drie hoera's vir Affies se belowendste Gholfspeler van die Jaar

— Janneman du Buisson

**Vanjaar het Affies se gholf begin ontwaak na 'n paar jaar se sukkel om behoorlik op die been te kom. Dit is te danke aan die Noord-Taransvaalse Gholf-Unie wat gestig is om gholf op skoolvlak aan te moedig. Boonop word daar nou beoog om oefenfasiliteite op die skoolterrein te bou wat met professionele onderrig gepaard sal gaan. Nou sal dit moontlik wees vir Martin Maritz die jongeling met ontsaglike talent vir hierdie "gentleman's game", wat 'n mens altyd nederig hou, om ook by Affies te oefen.**



Martin se voorgee was die laagste van al die seuns wat die baan by San Remo aangedurf het.


Die toernooi is in twee kategorieë oor twee rondtes beslis. Eerstens was daar die internasionale kompetisie, wat alle lande buite Europa ingesluit het, en tweedens die algehele kompetisie waarin spelers van alle lande meegeding het. Martin se eerste rondte van 81 houe en tweede rondte van 77 houe op die syfer 72-baan het hom internasionaal vyfde geplaas en algeheel sewentiende. Martin het die beste gevaar van die twee Suid-Afrikaners wat deelgeneem het. Die wenner van die toernooi was 'n Fillipyn met 'n voorgee van 9.

Affies is baie trots op Martin en sy prestasies. Hy het baie hoë verwagtinge vir sy gholf in die toekoms en Affies hoop sy drome sal bewaarheid word, veral nou met internasionale deelname byna onafwendbaar. Baie geluk aan Martin en alle sterkte vir 'n baie belowende toekoms.

## Sportvrou van die kwartaal — Amelia van der Merwe

— Anina Boshoff

**"Affies is die beste plek in die hele wêreld!" So sê Affies se nuwe tennisster en sportvrou van die kwartaal.**



Amelia van der Merwe het, sedert sy Warmbad vir Pretoria verruil het aan die begin van die jaar, en in Ooshuis kom bly het, talle tennisprestasies vir haar skool behaal. Haar tennisloopbaan het egter nie vanjaar begin nie — sy speel al sedert st 3 in die no 1-posisie vir haar verskeie skole en behaal op laerskool reeds provinsiale kleure.

Amelia antwoord beskeie as sy oor haar prestasies uitgevra word, maar gesels land en sand as dit oor skool, maats of onderwysers gaan. Sy sê dat sy geen spesiale dieet volg nie, sy sorg net dat sy voor groot wedstryde baie piesangs en water, en op ander tye joghurt en knoffel inneem.

Sy glo dat 'n speler se prestasie nie deur 'n beheerde voedselinname nie, maar deur sy lus en motivering vir 'n wedstryd bepaal word.

Amelia se huidige afrigters, die Sullivans, en Affies het klaarblyklik 'n positiewe invloed op haar. Gedurende die afgelope jaar het sy die skool se eerste span tot die finaal van die direkteurstrofee en die landswye Ster-Kinekor-skoletoernooi gelei.

Boonop het hulle in die proses R2 000 vir die skool gewen. Sy en Jaco Keyser van AHS het 'n dubbelstoernooi vir skole in Pretoria gewen, sy het ook in Kaapstad vir Noord-Transvaal se interprovinsiale span gespeel. Sy sluit haar jaar in Desember met die Suikerreeks in o.a. Oos-Londen en Rondebosch af.

Op "National Panasonic" se Suid-Afrikaanse o/18-ranglys, is Amelia die no 4-speelster in enkelspel en die no 3 in dubbels. Haar mooi voorbeeld en vriendelike geaardheid maak haar no 1 onder die Affies'

Typographically prepared by Wentzel Coetzer Printers, Tel 3232787, and printed by the Pretoria News (Pty) Ltd, 216 Vermeulen Street, Pretoria, Tel 3255382.